JIP


Stuur skolenuus aan **Suzaan Potgieter** | skole@dieburger.com
Stuur sportnuus aan **JIP Sport** | jipsport@dieburger.com
Advertensies: **Belinda Smit** | belindas@dieburger.com | 021 910 6532

www.netwerk24.com/ontspan/jip

www.facebook.com/jip




## SKOLENUUS



Die paviljoen het gekreun onder die gees van die vyf skole van die Paarl en Stellenbosch tydens vanjaar se Prestige-atletiekbyeenkoms. Foto: EJ LANGNER

# Prestige-atletiek: Paarliete as wenners van vyf skole van die Boland aangewys

Die leerlinge van vyf skole in die Paarl en Stellenbosch het hulle Valentynsdag op die atletiekveld deurgebring.

Vanjaar se Prestige-byeenkoms het op 14 Februarie in die Daljosafat-stadion plaasgevind.

Die deelnemende skole was die Hoër Jongenskool Paarl (Boishaai), Hoër Meisieskool Paarl, Paarl Gimnasium, Paul Roos Gimnasium en die Hoër Meisieskool Bloemhof.

Paul Roos en Bloemhof was die organiseerders van Prestige 2023. Dié byeenkoms is in 2009 gestig.

Ná 'n baie warm dag in die Paarl het Boishaai en die HMS Paarl met 955 punte as die wenners uit die stryd getree. Tweede was Paarl Gim met 894 punte en derde was Paul Roos en Bloemhof met 823 punte.

Boishaai en die HMS Paarl was ook die ouderdomsgroepwenners vir o.14 en o.19 en die Paarl Gim was die wenners vir o.15 en o.17.

# Stellenbossers grootste wenners van taai interskole

Die Hoërskool Stellenbosch het verlede week skoonskip gemaak op hul interskole-atletiekbyeenkoms.

By vanjaar se Super 6-byeenkoms het die skool al drie die bekers gekry vir atletiek, gees en die beste pompoms.

Die Super 6- Interskole-atletiekbyeenkoms is op 20 en 21 Februarie deur die Hoërskool Jan van Riebeeck, vanjaar se gasheerskool, in Stellenbosch by die Coetzenburg-stadion aangebied. Die langer afstande se items is Maandag by die Hoërskool Stellenbosch gehou.

Die deelnemende skole was die Hoërskool Stellenbosch, die Hoërskool Jan van Riebeeck (Kaapstad), die Hoërskool Dirkie Uys (Moorreesburg), die Hoërskool Charlie Hofmeyr (Ceres), die Fish Hoek High School en die Worcester Gimnasium.

Vir die atletiekbeker was die uitslae as volg: Stellenbosch was eerste, Charlie Hofmeyr tweede, Jan van Riebeeck derde, Worcester Gim vierde, Fish Hoek vyfde en Dirkie Uys sesde.



**Die Hoërskool Stellenbosch se dirigente: Mila Goussard (geel), Sebastian Smit (groen), Hayley van Graan (pers), Matthew Wood (oranje), Nina Odendaal (pienk), Anné Lesch (wit) en Marina van Niekerk (donker blou). Agter hulle (nie sigbaar in die foto) staan Jesmicah September (ligte blou) en Mia van der Merwe (rooi).**



Cayleigh Carolissen en Wiaan Martin, spankapteine van die Hoërskool Stellenbosch, lig hul trofee omhoog. Foto: VERSKAF

## PAUL ROOS WORD 157

# Week propvol lekker vieringe in die Eikestad

**Jip-redaksie**

Dit was 'n groot affêre in Stellenbosch toe die Paul Roos Gimnasium die afgelope week sy 157ste verjaardag gevier het.

Dié seunskool in die Boland het 'n week vol vieringe beplan waarby oudleerlinge én buurskole betrokke was.

Hulle het die vieringe op 28 Februarie afgeskop met 'n tradisionele saalbyeenkoms waartydens die rektor, André van Staden, die leerlinge en oudleerlinge toegespreek het. Die oud-Paul Roosers wat die geleentheid bygewoon het, sluit in 1973 se hoofseun, Skip Krige, wat saam met sy matriekklas 'n skoolbesoek afgelê het.

Nils Flaatten, voorsitter van die oudskoliere-unie (1987), het ook tydens die seremonie gepraat.

Hul gasspreker vir die seremonie was die joernalis Pieter du Toit, wat in 1997 aan Paul Roos gematrikuleer het. Hy het tydens sy praatjie oor die politieke, ekonomiese en tegnologiese verwikkelinge oor die laaste 30 jaar in Suid-Afrika én die wêreld gepraat. Hy het afgesluit met die stand van sake vandag en hoe Paul Roosers (met goeie bedoeling) hul opvoeding en sterk punte kan inspan om positiewe veranderinge en oplossings vir Suid-Afrika en die wêreld teweeg te bring.

Nog hoogtepunte van die verjaardagweek het 'n PRG-leerlingbal op 1 Maart, die amptelike verjaardag van die skool, ingesluit waar leerlingrade van 41 skole uit die omgewing uitgenooi is om mekaar beter te leer ken, in die komende jaar saam te werk en in leierskap te groei.

Paul Roos se leerlingraad het ook besoek afgelê by die skool se stigtersledemonument waar hulle 'n tradisionele kranslegging gedoen het.

Vrydag het die 1 300 Paul Roos-leerlinge mekaar op die kaskarbaan gepak tydens die eerste Tiger Wheel & Tyre PRK-kaskar-geldinsameling. Die kompetisie is gehou om geld vir die Borg-'n-Paul-Rooser-fonds in te samel en registerklasse het kragte saamgesnoer om self geld vir die fonds in te samel. Tussen die seuns en borge is genoeg geld ingesamel om twee leerlinge vir 'n jaar te ondersteun.

Die week van vieringe is Vrydagaand afgesluit met die jaarlikse verjaardagbal waarheen Paul Roos se suster- en buurskole uitgenooi is as metgeselle.



**Paul Roos se gr. 8's, leerlingraad en die 1973-matriekgroep het die tradisionele kranslegging by die PRG-monument vir die stigterslede bygewoon.** Foto's: VERSKAF



**Die kaskar-geldinsameling het genoeg geld vir die Borg-'n-Paul-Rooser-fonds ingesamel om twee skoolleerlinge vir 'n jaar te ondersteun.**



**Nande Popo is die Engen Maths and Science School (EMSS) se topleerling vir 2022.**

# Nande van Mfuleni is EMSS se topleerling

**Jip-redaksie**

Danksy harde werk en die ekstra klasse van die Engen Maths and Science School (EMSS) wat sy naweke bygewoon het, het Nande Popo uitstaande matriekuitslae gelewer.

Dié oudleerling van die Mfuleni High School het verlede jaar sewe onderskeidings in haar matriekeindeksamen gekry, wat 97% vir wiskunde, 92% vir wetenskap en 87% vir Engels insluit. Sy studeer vanjaar medies aan die Universiteit van Kaapstad.

"Dissipline help mense om bo uit te kom," sê Popo ná haar sukses. Sy is as die EMSS se topleerling vir 2022 aangewys.

Die Engen Maths and Science School is al vir meer as 35 jaar aan die gang en bied vir gr. 10- tot 12-leerlinge van minderbevoorregte gemeenskappe gratis aanvullende klasse in wiskunde, wetenskap en Engels. Die klasse vind Saterdae plaas by tien verskillende plekke oor die land heen.

Volgens haar het die gratis EMSS-klasse wat sy elke Saterdag tydens haar matriekjaar bygewoon het, haar deurslaggewende insig gegee in wiskunde, wetenskap en Engels.

"Die EMSS- ekstra klasse het my blootgestel aan uitstaande onderwysers wat begrippe hersien het en ons het vorige jare se vraestelle geoefen – dit was baie hulpvaardig.

"Ons het ook handboeke ontvang, gedetailleerde notas en die vorige vraestelle met memorandums, wat baie gehelp het," sê sy.

# Skolekrieket: Eendeweer stuit nie dié spanne se spel nie

**Sarel Burger**

Afgesien van verskeie onafgehandelde wedstryde weens reën die afgelope Saterdag, veral in die Boland, het die klammerige baanblaaie laatdag meegebring dat die boulers algaande die botoon gevoer het in die Skiereiland se jongste reeks skolekrieketwedstryde.

So kon die o.19A-span van Bishops (148) nie daarin slag om Wynberg Boys' High se vroeër haalbare telling van 154 verby te steek nie. En die Hoërskool Pinelands is vir net 82 lopies uitgeboender in antwoord op die Hoërskool D.F. Malan se 254/5 – waartoe Charl Botha (62) en Johan Jansen van Rensburg (61*) die beste bydraes gelewer het.

Ook die Hoërskool Fairmont (95) se kolwers het in die namiddagskof in die hek geduik nadat die Hoërskool Bellville vroeër 253/8 in die toegelate 50 boulbeurte aangeteken het. Henré Nortje (84) en Kihan Smit (65*) was die Bellvilliete se beste kolwers.

Die Hoërskool Stellenberg (193/7) het met 'n goeie spanpoging Curro Durbanville (190) getroef nadat Dean Huesmann (118) deur sy Curro-medekolwers in die steek gelaat is.

Die grootste presteerder van die dag was moontlik 'n speler van die Hoërskool Stellenberg, Liam Fourie, wat sy vroegdag se 127 lopies teen Westerford se o.15A-span opgevolg het met 'n boulontleding van 6/10 om die Stellies 'n wegholsege te besorg.

In die o.14-liga het Bishops se Daniel Perold ook skitterend vertoon deur 9/19 teen Bishops plat te trek.

## Uitslae van die afgelope week se skolesport

### Krieket

WESTELIKE PROVINSIE
o.19A
**Wynberg Boys' High klop Bishops met 6 lopies:** WYNBERG 154 (K. Williams 60, P. James 52; Tiaan Louw 5/42, Storm Matthews 3/41). BISHOPS 148 (A. Lagadien 48; Divan Linde 3/23).
D.F. Malan klop Pinelands met 172 lopies: DFM 254/5 (Charl Botha 62, J. Jansen van Rensburg 61*, D'Neill du Toit 45). PINELANDS 82.
**Stellenberg klop Curro Durbanville met 3 paaltjies:** CURRO 190 (Dean Huesmann 118; Kyle van Santen 3/29). STELLENBERG 193/7 (Zack Fernandez 48, Rheeder Brand 31).
**HS Bellville klop Fairmont met 158 lopies:** BELLVILLE 253/8 (Henré Nortje 84, K. Smit 65*). FAIRMONT 95 (S. Pakulski 34; Jean du Toit 4/14).
**Brackenfell klop HS Tygerberg met 7 paaltjies:** TYGERBERG 59 (Anthonio Jusin 3/4, Jean Oosthuizen 2/10). BRACKENFELL 60/3 (Dawson Lombard 27*).
**De Kuilen klop Parow met 69 lopies:** DE KUILEN 115 (Craig Papier 27; Aiden Joseph 4/23). PAROW 46 (Aiden Erasmus 28; Ash-Lee Plaatjies 4/28, Craig Papier 4/5).

SAMMY BLOCH-UITKLOPKOMPETISIE
(25 BOULBEURTE)
Eindstryd
**Fairmont klop HS Durbanville met 71 lopies:** FAIRMONT 172/7 (Ethan Kotzee 115*; Stefan Venter 3/25). DURBANVILLE 101 (Stefan Venter 29; Alex Mears 4/14).

o.15A
**Durbanville klop HS Bellville met 134 lopies:** DURBANVILLE 229 (De Wet Viljoen 51, Noah Jansen 43, Jan van Tonder 34; Kian Joubert 4/35). BELLVILLE 95 (Jan van Tonder 5/29).
**Rondebosch klop Paul Roos met 9 paaltjies:** PAUL ROOS 97 (Tim Short 4/34, Noah Musikanth 3/26). RONDEBOSCH 98/1 (Noah Musikanth 45*, T. Heyns 39*).
**SACS klop Milnerton met 35 lopies:** SACS 147/8 (Hayden Viret 3/26). MILNERTON 112 (Jordan Davids 32; H. Hudgkinson 3/17).
**Stellenberg klop Westerford met 441 lopies:** STELLENBERG 469/9 (Liam Fourie 127, Michael Amoedo 96, Roux Wasserman 54, Yanos Molnar 42). WESTERFORD 28 (Liam Fourie 6/10, Dylan Hanekom 3/18).
**HS Tygerberg klop Fairmont met 9 paaltjies:** FAIRMONT 63 (Azam Saiet 5/32, Sebastian Cook 4/23). TYGERBERG 64/1 (Hamza Camroodien 31*).
**Fairmont klop Brackenfell met 33 lopies:** FAIRMONT 179/6. BRACKENFELL 146/4.

o.14A
**HS Durbanville klop DF Malan met 28 lopies:** DURBANVILLE 153 (Dreyer van der Westhuyzen 47; Keegan Deyzel 3/19). DFM 125 (Markus Kruger 5/29, Joshua Alheit 3/4).
**Rondebosch klop Paul Roos met 25 lopies:** RONDEBOSCH 101 (Pieter Luttig 3/20, Dion Slabber 3/20). PRG 76 (J. Neill 4/21, A. Spiller 2/5).
Bishops klop Wynberg Boys' High met 174 lopies: BISHOPS 240/8 (Shafiek Joseph 101, Tristan Brunton 35; Uzair Gabe 4/48). WYNBERG 66 (Daniel Perold 9/19).
**Stellenberg klop Westerford met 172 lopies:** STELLENBERG 271 (Daniel Wilds 53, Liam Jacobs 42, Zion van Rensburg 44). WESTERFORD 99 (Aiden Pienaar 5/8, Jordan Engelbrecht 2/9).
HS Durbanville klop Brackenfell met 8 paaltjies: BRACKENFELL 45 (Luka Hearn 4/9, Jaden Odendaal 2/1). DURBANVILLE 46/2.

BOLAND
o.15A
**Paarl Gimnasium klop HJS Paarl met een paaltjie:** HJSP 120 (Ulrich Drotschke 35*; Monroe Julies 6/35). PAARL GIM 126/9 (Matt Dippenar 30; Ethan Vermeulen 3/23).

### Tennis

WP
Seuns
**1ste liga:** Durbanville klop Rondebosch 12-0.
**2de liga:** Durbanville klop Curro Durbanville 10-2.
**4de liga:** Durbanville klop The Settlers 12-0.
**5de liga:** Durbanville klop Fairbairn 12-0.
**6de liga:** Durbanville klop Fairbairn 12-0.

Meisies
**2de liga:** Durbanville klop D.F. Malan 10-2.
**3de liga:** Durbanville klop Stellenberg 10-2.
**4de liga:** Durbanville klop Brackenfell 10-2.
**5de liga:** Fairbairn klop Durbanville 10-2.
**6de liga:** Durbanville klop Stellenberg 8-4; Durbanville klop HS Bellville 12-0.

### Rugby

Hoërskool Hopefield se CWL Baard-sportdag
**o.19A:** Hopefield 35, Fairmont 0; Hopefield 10, HS Bellville 5.
**o.19B:** Hopefield 0, HTS Drostdy 0; Hopefield 10, HS Swartland 0.
**o.16A:** Hopefield 10, HS Bellville 0.
**o.15A:** Hopefield 15, HS Bellville 10.